

## Hansie Slim

Hansie slim, berg wil klim,  
gaan die wye wêreld in.

Stok en hoed pas hom goed,  
hy is vol van moed.  
Maar sy ma wil hom gaan haal,  
Hans het dalkies al verdwaal!  
Moeder sug, so bedug:  
"Hansie kom tog t'rug."

Hansie swoeg, baie moeg,  
hoog geklim, dit is genoeg!  
Omdraai nou, 'k sê vir jou,  
bergklim nie weer gou!  
Tuis smeer ma die salfies aan,  
Hans voel gou weer pure man!  
Eerste keer, les geleer,  
eendag weer probeer!

ADE GUTSCHE & P MCLACHLAN (FAK)

## Hoedjies van papier

Een, twee, drie, vier,  
hoedjies van,  
hoedjies van,  
een, twee, drie, vier,  
hoedjies van papier.  
Het jy dan g'n hoedjie meer?  
Maak dan een van koerantpapier!  
Een, twee, drie, vier,  
hoedjies van papier.

TRADISIONEEL (FAK)

## Tortelduifie

Tortelduifie sit in die eikeboom,  
sing die lied van sy lewendroom.  
Koer, tortelduifie, koer,  
tortelduifie by die waterstroom!

WOORDE: G.G. EN H.C. CILLIÉ (FAK)